# Nederlandse Geloofsbelydenis

**Artikel: 18**

## DIE MENSWORDING VAN JESUS CHRISTUS

Ons bely dat God die belofte aan die vaders deur die mond van die heilige profete inderdaad vervul het deur sy Seun in die wêreld te stuur op die tyd deur Hom bepaal.

Hy het die gestalte van 'n dienskneg aangeneem en aan die mens gelyk geword deur werklik 'n egte menslike natuur, met al sy swakhede maar sonder sonde, aan te neem.

Hy is in die ligga [illegible] die geseënde maagd Maria deur die krag van die Heilige G[illegible] sonder die toedoen van 'n [illegible]erwek.

Hy het nie al[illegible]t die liggaam betref, die menslike natuur aangeneem nie, maar ook [illegible] menslike siel om so [illegible]ike mens te wees, want Hy moes sowel die siel as die liggaam aanneem [illegible]twee te red, aang[illegible]bei verlore was.

Teeno[illegible]ettery van die Wederdopers wat ontken dat Christus die menslike vlees uit sy m[illegible] aang[illegible]het, bely ons daar[illegible] vlees [illegible] die kinders deelagtig [illegible]d het [illegible] wat die vlees [illegible] die geslag v[illegible]id, 'n [illegible] l[illegible] geword het.



Ons bely inderdaad dat Hy waarlik ons Immanuel is, dit wil sê: God met ons.

**Nederlandse Geloofsbelydenis** **DIE MENSWORDING VAN JESUS CHRISTUS** **Artikel: 18**

Ons bely dat God die belofte aan die vaders deur die mond van die heilige profete

Genesis 26:4: Ek sal jou nageslag so talryk maak soos die sterre aan die hemelruim, en aan jou nageslag sal Ek al hierdie lande gee. Al die nasies van die aarde sal wens om so geseënd te wees soos jou nageslag,

2 Samuel 7:12-16: Wanneer jou tyd aangebreek het en jy by jou voorvaders gaan rus, sal Ek jou nakomeling ná jou, hy wat uit jou liggaam sal voortkom, na vore laat tree, en Ek sal sy koningskap vestig. Hy is die een wat vir my Naam 'n huis sal bou, en Ek sal sy koninklike troon vir altyd laat vasstaan. Ek sal vir hom 'n vader wees, en hy sal vir My 'n seun wees. Daarom, wanneer hy afdwaal, sal Ek hom straf met 'n stok wat manne gebruik en met houe wat mense toedien. Maar my troue liefde sal nie van hom wyk nie, soos wat Ek dit aan Saul onttrek het wat Ek voor jou verwyder het. Jou huis en jou koningskap sal vir altyd bestendig wees voor My, jou troon sal vir altyd in stand bly." ' "

Psalm 132:11: Die HERE het vir Dawid 'n betroubare eed afgelê en Hy sal dit nie herroep nie: "Van jou nasate sal Ek op jou troon plaas.

Lukas 1:55: soos Hy dit aan ons voorvaders beloof het, aan Abraham en sy nageslag, vir ewig."

Handelinge 13:23: Uit hierdie man se nageslag het God vir Israel, in ooreenstemming met sy belofte, Jesus as Verlosser voortgebring.

**Nederlandse Geloofsbelydenis** **DIE MENSWORDING VAN JESUS CHRISTUS** **Artikel: 18**

Ons bely dat God die belofte aan die vaders deur die mond van die heilige profete inderdaad vervul het deur sy Seun in die wêreld te stuur op die tyd deur Hom bepaal.



Galasiërs 4:4: maar toe die tyd vervul is, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet,

**Nederlandse Geloofsbelydenis**

# DIE MENSWORDING VAN JESUS CHRISTUS

**Artikel: 18**

Hy het die gestalte van 'n dienskneg aangeneem en aan die mens gelyk geword deur werklik 'n egte menslike natuur, met al sy swakhede



Matteus 26:38: Toe sê Hy vir hulle: “My siel30  is diep bedroef, tot die dood toe. Bly hier en waak saam met My.”

Johannes 12:27: “Nou is my siel ontsteld. Wat sal Ek sê? Vader, red My uit hierdie uur? Maar Ek het tog juis met die oog op hierdie uur gekom!

Filippense 2:7: maar Hy het Homself daarvan leeggemaak, deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy in die vorm van 'n mens verskyn het,

1 Timoteus 2:5: Want daar is een God, en een Middelaar tussen God en die mense: die mens Christus Jesus,

1 Timoteus 3:16: En die geheimenis van die ware godvresendheid is sonder twyfel groot: Hy is geopenbaar in 'n menslike liggaam, regverdig bewys deur die Gees, gesien deur die engele, verkondig onder die nasies, geglo in die wêreld, opgeneem in heerlikheid.

Hebreërs 2:14: Aangesien die kinders dan aan vlees en bloed deel het, het ook Hy net so aan dieselfde dinge deel gekry, sodat Hy deur sy dood die een wat oor die dood mag het, dit is die Duiwel, kragteloos kon maak,

**Nederlandse Geloofsbelydenis** **DIE MENSWORDING VAN JESUS CHRISTUS** **Artikel: 18**

Hy het die gestalte van 'n dienskneg aangeneem en aan die mens gelyk geword deur werklik 'n egte menslike natuur, met al sy swakhede maar sonder sonde, aan te neem.



2 Korintiërs 5:21: Hy wat nie sonde geken het nie, Hom het God ter wille van ons tot sonde gemaak, sodat ons in Hom voor God geregverdig kon word.

Hebreërs 7:26: So 'n hoëpriester was ook vir ons gepas: een wat heilig, onskuldig, onbevlek, afgesonder van die sondaars, en hoër as die hemele verhef is,

1 Petrus 2:22: Hy wat “nie sonde gedoen het nie, en in wie se mond geen bedrog gevind is nie”;

**Nederlandse Geloofsbelydenis** **DIE MENSWORDING VAN JESUS CHRISTUS** **Artikel: 18**

Hy is in die liggaam van die geseënde maagd Maria deur die krag van die Heilige Gees en sonder die toedoen van 'n man verwek.



Matteus 1:18: Die geboorte van Jesus Christus het só gebeur. Toe Maria, sy moeder, reeds aan Josef verloof was, maar nog voordat hulle gemeenskap gehad het, het dit geblyk dat sy swanger geraak het uit die Heilige Gees.

Lukas 1:35: Die engel het haar geantwoord: “Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom sal die Kind wat gebore word, heilig wees; Hy sal Seun van God genoem word.

**Nederlandse Geloofsbelydenis** **DIE MENSWORDING VAN JESUS CHRISTUS** **Artikel: 18**



Hy het nie alleen wat die liggaam betref, die menslike natuur aangeneem nie, maar ook 'n egte menslike siel om so 'n werklike mens te wees, want Hy moes sowel die siel as die liggaam aanneem om altwee te red, aangesien albei verlore was.

Lukas 1:34-35: Maar Maria het vir die engel gesê: “Hoe kan so iets moontlik wees, aangesien ek nie gemeenskap met 'n man het nie?” Die engel het haar geantwoord: “Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom sal die Kind wat gebore word, heilig wees; Hy sal Seun van God genoem word.

**Nederlandse Geloofsbelydenis** **DIE MENSWORDING VAN JESUS CHRISTUS** **Artikel: 18**

Teenoor die kettery van die Wederdopers, wat ontken dat Christus die menslike vlees uit sy moeder aangeneem het, bely ons daarom dat Christus die vlees en die bloed van die kinders deelagtig geword het,



Hebreërs 2:14: Aangesien die kinders dan aan vlees en bloed deel het, het ook Hy net so aan dieselfde dinge deel gekry, sodat Hy deur sy dood die een wat oor die dood mag het, dit is die Duiwel, kragteloos kon maak,

**Nederlandse Geloofsbelydenis** **DIE MENSWORDING VAN JESUS CHRISTUS** **Artikel: 18**

Teenoor die kettery van die Wederdopers, wat ontken dat Christus die menslike vlees uit sy moeder aangeneem het, bely ons daarom dat Christus die vlees en die bloed van die kinders deelagtig geword het, dat Hy, wat die vlees betref, 'n nakomeling van Dawid is, as mens gebore is uit die geslag van Dawid,



Psalm 132:11: Die HERE het vir Dawid 'n betroubare eed afgelê en Hy sal dit nie herroep nie: “Van jou nasate sal Ek op jou troon plaas.

Handelinge 2:30: Omdat hy 'n profeet was, en geweet het dat ‘God met 'n eed aan hom beloof het om iemand van sy nasate op sy troon te plaas,’

Romeine 1:3: aangaande sy Seun – wat na die liggaam uit die nageslag van Dawid gebore is,

**Nederlandse Geloofsbelydenis**

# DIE MENSWORDING VAN JESUS CHRISTUS

**Artikel: 18**



Teenoor die kettery van die Wederdopers, wat ontken dat Christus die menslike vlees uit sy moeder aangeneem het, bely ons daarom dat Christus die vlees en die bloed van die kinders deelagtig geword het, dat Hy, wat die vlees betref, 'n nakomeling van Dawid is, as mens gebore is uit die geslag van Dawid, 'n vrug van die moederskoot van Maria,

Lukas 1:42: en het hardop uitgeroep: “Geseënd is jy onder die vroue! Geseënd is die vrug van jou moederskoot!

**Nederlandse Geloofsbelydenis**

# DIE MENSWORDING VAN JESUS CHRISTUS

**Artikel: 18**

Teenoor die kettery van die Wederdopers, wat ontken dat Christus die menslike vlees uit sy moeder aangeneem het, bely ons daarom dat Christus die vlees en die bloed van die kinders deelagtig geword het, dat Hy, wat die vlees betref, 'n nakomeling van Dawid is, as mens gebore is uit die geslag van Dawid, 'n vrug van die moederskoot van Maria, gebore uit 'n vrou,



Lukas 1:31: Kyk, jy sal swanger word en aan 'n seun geboorte skenk. Jy moet Hom Jesus noem.

Galasiërs 4:4: maar toe die tyd vervul is, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet,

Nederlandse Geloofsbelydenis **DIE MENSWORDING VAN JESUS CHRISTUS** Artikel: 18



Teenoor die kettery van die Wederdopers, wat ontken dat Christus die menslike vlees uit sy moeder aangeneem het, bely ons daarom dat Christus die vlees en die bloed van die kinders deelagtig geword het, dat Hy, wat die vlees betref, 'n nakomeling van Dawid is, as mens gebore is uit die geslag van Dawid, 'n vrug van die moederskoot van Maria, gebore uit 'n vrou, 'n spruit van Dawid,

Jeremia 33:15: “In daardie dae en in daardie tyd sal Ek vir Dawid 'n Spruit van geregtigheid laat opskiet, en Hy sal doen wat reg en billik is in die land.

**Nederlandse Geloofsbelydenis** — **DIE MENSWORDING VAN JESUS CHRISTUS** — **Artikel: 18**

Teenoor die kettery van die Wederdopers, wat ontken dat Christus die menslike vlees uit sy moeder aangeneem het, bely ons daarom dat Christus die vlees en die bloed van die kinders deelagtig geword het, dat Hy, wat die vlees betref, 'n nakomeling van Dawid is, as mens gebore is uit die geslag van Dawid, 'n vrug van die moederskoot van Maria, gebore uit 'n vrou, 'n spruit van Dawid, 'n loot uit die wortels van Isai,

Jesaja 11:1: Maar 'n takkie sal spruit uit die stomp van Isai, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra.

**Nederlandse Geloofsbelydenis**

# DIE MENSWORDING VAN JESUS CHRISTUS

**Artikel: 18**



Teenoor die kettery van die Wederdopers, wat ontken dat Christus die menslike vlees uit sy moeder aangeneem het, bely ons daarom dat Christus die vlees en die bloed van die kinders deelagtig geword het, dat Hy, wat die vlees betref, 'n nakomeling van Dawid is, as mens gebore is uit die geslag van Dawid, 'n vrug van die moederskoot van Maria, gebore uit 'n vrou, 'n spruit van Dawid, 'n loot uit die wortels van Isai, van die geslag van Juda afstam

Hebreërs 7:14: Dit is tog baie duidelik dat ons Here uit Juda voortgespruit het, 'n stam oor wie Moses niks in verband met priesters gesê het nie.

**Nederlandse Geloofsbelydenis** **DIE MENSWORDING VAN JESUS CHRISTUS** **Artikel: 18**

Teenoor die kettery van die Wederdopers, wat ontken dat Christus die menslike vlees uit sy moeder aangeneem het, bely ons daarom dat Christus die vlees en die bloed van die kinders deelagtig geword het, dat Hy, wat die vlees betref, 'n nakomeling van Dawid is, as mens gebore is uit die geslag van Dawid, 'n vrug van die moederskoot van Maria, gebore uit 'n vrou, 'n spruit van Dawid, 'n loot uit die wortels van Isai, van die geslag van Juda afstam, uit die Jode as mens gebore,

Romeine 9:5: Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee. Die heerskappy is op sy skouer. Hy word genoem: Wonderbare Raadgewer, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.

**Nederlandse Geloofsbelydenis** **DIE MENSWORDING VAN JESUS CHRISTUS** **Artikel: 18**



Teenoor die kettery van die Wederdopers, wat ontken dat Christus die menslike vlees uit sy moeder aangeneem het, bely ons daarom dat Christus die vlees en die bloed van die kinders deelagtig geword het, dat Hy, wat die vlees betref, 'n nakomeling van Dawid is, as mens gebore is uit die geslag van Dawid, 'n vrug van die moederskoot van Maria, gebore uit 'n vrou, 'n spruit van Dawid, 'n loot uit die wortels van Isai, van die geslag van Juda afstam, uit die Jode as mens gebore, uit die geslag van Abraham, aangesien Hy die geslag van Abraham aangeneem het in alle opsigte - maar sonder sonde, aan sy broers gelyk geword het.

Hebreërs 2:16-17: Want Hy is vir seker nie oor engele besorg nie; inteendeel, Hy is oor Abraham se nageslag besorg. Daarom moes Hy in elke opsig gelyk word aan sy broers, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester kon word, om as offer te dien tot versoening van die volk se sondes.

Hebreërs 4:15: Want ons het nie 'n Hoëpriester wat nie medelye met ons swakhede kan hê nie, maar Een wat, soos ons, in alle opsigte versoek is, en dit sonder dat Hy gesondig het.

# DIE MENSWORDING VAN JESUS CHRISTUS



Ons bely inderdaad dat Hy waarlik ons Immanuel is, dit wil sê: God met ons.

Jesaja 7:14: Daarom sal my Heer self vir julle 'n teken gee: Kyk, die jong vrou is swanger, en gaan 'n seun in die wêreld bring. Sy sal hom Immanuel noem

Matteus 1:23: “Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom Immanuel noem”

**Nederlandse Geloofsbelydenis** **DIE MENSWORDING VAN JESUS CHRISTUS** **Artikel: 18**

Ons bely dat God die belofte aan die vaders deur die mond van die heilige profete[1] inderdaad vervul het deur sy Seun in die wêreld te stuur op die tyd deur Hom bepaal[2].
Hy het die gestalte van 'n dienskneg aangeneem en aan die mens gelyk geword deur werklik 'n egte menslike natuur, met al sy swakhede[3] maar sonder sonde, aan te neem[4].
Hy is in die liggaam van die geseënde maagd Maria deur die krag van die Heilige Gees en sonder die toedoen van 'n man verwek[5].
Hy het nie alleen wat die liggaam betref, die menslike natuur aangeneem nie, maar ook 'n egte menslike siel om so 'n werklike mens te wees.
Want Hy moes sowel die siel as die liggaam aanneem om altwee te red, aangesien albei verlore was[6].
Teenoor die kettery van die Wederdopers, wat ontken dat Christus die menslike vlees uit sy moeder aangeneem het, bely ons daarom dat Christus die vlees en die bloed van die kinders deelagtig geword het[7], dat Hy, wat die vlees betref, 'n nakomeling van Dawid is, as mens gebore is uit die geslag van Dawid[8], 'n vrug van die moederskoot van Maria[9], gebore uit 'n vrou[10], 'n spruit van Dawid[11], 'n loot uit die wortels van Isai[12], van die geslag van Juda afstam[13], uit die Jode as mens gebore[14], uit die geslag van Abraham, aangesien Hy die geslag van Abraham aangeneem het in alle opsigte - maar sonder sonde, aan sy broers gelyk geword het[15].
Ons bely inderdaad dat Hy waarlik ons Immanuel is, dit wil sê: God met ons[16].

1 Genesis 26:4; 2 Samuel 7:12-16; Psalm 132:11; Lukas 1:55; Handelinge 13:23
2 Galasiërs 4:4
3 Matteus 26:38; Johannes 12:27; Filippense 2:7; 1 Timoteus 2:5; 1 Timoteus 3:16; Hebreërs 2:14
4 2 Korintiërs 5:21; Hebreërs 7:26; 1 Petrus 2:22
5 Matteus 1:18; Lukas 1:35
6 Lukas 1:34-35
7 Hebreërs 2:14
8 Psalm 132:11; Handelinge 2:30; Romeine 1:3
9 Lukas 1:42
10 Lukas 1:31; Galasiërs 4:4
11 Jeremia 33:15
12 Jesaja 11:1
13 Hebreërs 7:14
14 Romeine 9:5
15 Hebreërs 2:16-17; Hebreërs 4:15
16 Jesaja 7:14; Matteus 1:23